



# Dromers

## Studiegids

Saamgestel deur Fanie Viljoen

# Inhoudsopgawe

Inleiding ... 3
Die skrywer ... 4
Inleidende aktiwiteite en aantekeninge ... 5
Tekskenmerke ... 7
Vrae, opsommings en aktiwiteite ... 8
Literêre elemente van ’n boek ... 21
Lees ... 28
Antwoorde ... 30

## Inleiding

Dit is my doelwit om jongmense aan die lees te kry. Ek glo dat ’n boek soos *Dromers* dit sal regkry, maar ook meer as dit – ek glo dat dit hulle op ’n wonderlike reis sal neem en hulle dalk anders na die lewe sal laat kyk.

Met die skryf van *Dromers* wou ek hê dat die karakters die lesers se verbeelding moet aangryp. Hulle moet saam met hulle streef na sukses en veral saam met die karakters droom oor die toekoms.

Die lesers moet natuurlik ook iets leer, maar dit moet nie voel soos leer nie. Hierdie onderwysersgids spreek daarom die literêre aspekte van die novelle aan, maar daar is ook hope pret met lekker aktiwiteite wat meer as lees insluit.

Hierdie gids gaan onderwysers help om die verhaal vir die leerders te ontsluit. Dit bevat inligting oor die skrywer, tekskenmerke, inhoudelike vrae, metataal (karakterisering, die verteller, konflik, intrige, ens.) Ek sluit ook ’n laaste afdeling oor tipes lees in.


Onderwysers kan gerus die gids aanpas na hul eie behoeftes en kreatiewe aktiwiteite byvoeg.

Mag hierdie boek vanjaar jou leerders ywerige LESERS maak!

Fanie Viljoen

## Die skrywer

Fanie Viljoen is die skrywer van talle kinder- en jeugverhale. Sy eerste boek, *Slym*, is in 2004 gepubliseer. Daarna het verskeie kinder- en jeugverhale gevolg. Die jeugverhale sluit boeke in soos die *Nova*-reeks, *Spring*, *Betower*, *Afkop*, *Uit* en *Pleisters vir die Dooies*.



Die skryfgogga het Fanie reeds op skool gebyt. Hy het die seunsblad vir die skoolkoerant, Die Goutie, geskryf. Tydens sy skooljare het hy ’n aanmoedigingsprys gewen in een van die Bloemfonteinse Skrywersvereniging se jaarlikse skryfkompetisies (1987). Sy eerste kortverhaal is in 1999 in *Sarie* gepubliseer.

Sy boeke het al talle pryse verower soos die M.E.R.-prys vir jeuglektuur, M.E.R.-prys vir geïllustreerde kinderboeke, Sanlam-prys vir jeuglektuur, naaswenner in Lapa se jeugverhaalkompetisies en ATKV-kinderboektoekennings.

Fanie hou daarvan om vir jong mense te skryf omdat die grense van hulle verbeeldings eindeloos is. Dit is natuurlik ook lekkerder om ’n dag saam met wonderlike karakters in betowerende stories deur te bring as om by ’n bank of ’n versekeringsmaatskappy te werk! Jip, kan jy glo, hy het dit ook gedoen. Maar vandag skryf, skilder en illustreer hy voltyds boeke.

Fanie woon in Bloemfontein, maar jy kan hom gaan opsoek in die kuberruim by www.fanieviljoen.co.za

**Luistertoets**
Toets die leerders se luisterbegrip met bostaande inligtingstuk. (Dit is omtrent 190 woorde lank.)

**Vrae**

1. Noem twee van Fanie se jeugverhale.
2. Watter blad het hy vir die skoolkoerant geskryf?
3. Wie het vir Fanie ’n aanmoedigingsprys gegee?
4. Hoekom hou Fanie daarvan om vir jongmense te skryf?
5. Buiten skryf het Fanie ook ander stokperdjies. Noem twee daarvan.
6. Gee ’n ander naam vir “internet” uit die inligtingstuk.
7. Wat is Fanie se webbladadres?

**Het jy geweet?**

Fanie het as kind die bure se kinders met grillerige poppekasvertonings probeer bangmaak!

## Inleidende aktiwiteite en aantekeninge

**Titel**

Die titel is net ’n ander woord vir “die boek se naam”. Hierdie boek se titel is *Dromers*. Titels moet die leser se aandag trek en nuuskierig maak oor die storie. Skrywers en uitgewers oorweeg dikwels verskillende titels vir ’n nuwe boek. Hulle wil sekermaak dat dit ’n leser se verbeelding sal aangryp. ’n Goeie titel kan meer lesers lok.

**Omslag**

Die omslag van ’n boek word ook die voorblad genoem. Dit moet net so treffend soos die titel wees. Baie mense is visueel ingestel en sal ’n boek lees net omdat die omslag mooi is. Die omslag moet die leser nuuskierig maak oor die boek. Dit moet jou lus maak om die boek te lees.

Die illustrasies of foto’s wat op omslae gebruik word, kom gewoonlik van foto-databasisse op die internet. Shutterstock is een so ’n databasis. Indien jy goeie foto’s kan neem, kan jy ekstra sakgeld verdien en jou foto’s op hierdie webblaaie verkoop. Uitgewers laat soms ook spesiaal foto’s vir ’n boek se omslag neem.

Die skrywer (outeur) van ’n boek het soms seggenskap oor ’n omslag, maar die finale besluit berus by die uitgewer.

Die outeur se naam asook die boek se titel verskyn altyd op ’n omslag.

**Flapteks**

Hoe weet jy of jy van ’n boek gaan hou? Mens kan tog nie net oordeel op grond van die titel en omslag nie.

’n Flapteks word op die agterblad geplaas. Dit is ’n opsomming van die boek. Wanneer jy dit lees, kan jy beter besluit of dit ’n boek is waarvan jy gaan hou. Die flapteks se tweede doel is om jou nuuskierig te maak.

Hier is *Dromers* se flapteks:


> Dans is Byron Carelse se hele lewe. Dit is sy energie, sy passie, sy geluk … sy vonk. Wanneer die ritme sy lyf beetkry, vergeet hy van die probleme by die huis wat op hom wag.
>
> Sy beste vriendin, Tasha, sê altyd hy moenie toelaat dat ander mense sy vonk steel nie. Maar sy weet nie van die dinge wat by sy huis gebeur nie. En dalk is dit beter so. Wat sal sy van hom dink?
>
> Op ’n dag sien iemand Byron se talent raak. Hy kry saam met ’n groepie ander kinders die kans om deel te wees van ’n glansryke vertoning by die kunstefees. Dis die kans om groot drome te droom, groter as die arm gemeenskap waar hy bly. Maar wat doen jy as die lewe jou drome probeer steel?

**Vrae oor die titel, omslag en flapteks**


**Titel**
1. Hoekom is *Dromers* se titel in die meervoud en nie in enkelvoud nie?
2. Maak die titel jou lus om die boek te lees? Motiveer jou antwoord.

**Omslag**
1. Watter drie elemente verskyn altyd op ʼn omslag?
2. Wat is die doel van ʼn omslag?
3. Sou jy sê *Dromers* se omslag is vrolik of olik? Motiveer jou antwoord.
4. Onder word twee moontlike omslae van *Dromers* gegee. Watter een verkies jy? Motiveer jou antwoord.

A.




B.




**Flapteks**
1. Wat is die doel van ʼn flapteks?
2. Wat doen die ritme aan Byron Carelse?
3. Weet Tasha wat by Byron se huis aangaan? Haal een sit aan om jou antwoord te motiveer.
4. Wat is ʼn kunstefees?
5. Is Byron arm? Haal ʼn sin aan om jou antwoord te motiveer.
6. Hoe dink jy kan die lewe jou drome probeer steel?
7. Haal ʼn woord aan wat ook passie of energie kan beteken.
8. Indien jy ʼn aankoper in ʼn boekwinkel is en ʼn bemarker gee vir jou hierdie flapteks vir *Dromers*, sal jy die boek aankoop vir jou winkel? Motiveer jou antwoord.
9. Skryf jou eie kort flapteks vir *Dromers*.

## Tekskenmerke

Kom ons kyk na ’n paar uitstaande kenmerke van die teks.

1. Vluglees die boek en soek na die woorde van ’n liedjie. Op watter bladsy kom dit voor?
2. Wat laat hierdie liedjie uitstaan bo die ander teks?
3. Vluglees die boek en soek na ’n bladsy waar selfoonboodskappe verskyn.
4. Hoe weet jy dit is selfoonboodskappe?
5. Wat noem ’n mens die kaartjie op bladsy 14?
6. Soek na ’n plek in die boek waar die titel saam met vrolike grafika verskyn.
7. Wat beteken die wolkie op bladsy 22?
8. Wat beteken die grafika op bladsy 62?
9. Op watter bladsy verskyn ’n R200-noot?
10. Wat dink jy is die funksie van die foto’s en illustrasies in *Dromers*?
11. Hoekom verskil die teks en uitleg op bladsy 56 en 58 van die res van die boek?
12. Waar word daar iets in die novelle genommer?

## Vrae, opsommings en aktiwiteite

**<u>Hoofstuk 1-3</u>**
**Aktiwiteit 1: Dink en praat**
<u>Musiek</u>

- Van watter musiek hou jy?
- Hoekom juis van daardie soort musiek?
- Hoe voel jy oor mense wat nie van jou soort musiek hou nie?
- Dink jy tieners se ouers moet hulle toelaat om na enige musiek van hul keuse te luister?
- Dink jy daar is gevare aan sommige tipes musiek?
- Gaan musiek en dwelms soms hand-aan-hand?

<u>Dans</u>

- Hou jy van dans?
- Hoekom hou jy daarvan of nie daarvan nie?
- ’n Dans is gewoonlik vrolik. Maar kan ’n dans ook hartseer wees?

**Woordeskat**
Aandete – dinner
Af te kraak – criticise badly
Afdop – peel
Blikkerig – tinny
Broei – brew
Danspassies – dance moves
Grapjas – joker
Gunsteling – favourite
Klem – tightens
Passie – passion
Polsing – pulse
Ritme – rhythm
Spaza-winkel – spaza shop
Taxi-halte – taxi rank
Trol – troll
Tromme – drums
Vonk – spark
Wipstappie – skipping step

**Opsomming**
Byron Carelse is mal oor dans. Hy dans een pouse by die skool. Die meeste kinders hou daarvan, maar een van die matrieks vra of hy weer aandag soek. Tasha, Byron se vriendin, sê hy moenie dat ander mense sy vonk steel nie. Sy reken hy het baie talent. By die taxi-staanplek dans Byron weer vir die mense. Dans is sy lewe. Maar by die huis het Byron moeilikheid. Daar wag iets wat hom bangmaak. Nie eens Tasha weet daarvan nie. Byron koop ’n brood by die spaza-winkel. Toe hy by die huis aankom, is die deur en vensters almal toe. Die huis ruik na drank.

**Aktiwiteit 2: Lees, dink en skryf**

1. In watter omgewing speel die eerste hoofstuk af?
2. Is die liedjie wat speel vrolik of hartseer? Motiveer jou antwoord.
3. Watter tipe beeldspraak is “oë soos sjokolade”?
    a. Assonansie
    b. Neologisme
    c. Vergelyking
4. Hoe voel Byron oor Tasha?
5. “Moenie dat ander mense jou vonk steel nie, Byron.” Wat bedoel Tasha hiermee?
6. Wat het Byron in gemeen met tannie Mavis?
7. Wat bedoel die skrywer wanneer hy sê: “Vinnig is hy in daardie kopspasie waar dans alles is”?
8. Hoekom eindig hoofstuk 2 op so ’n vreemde manier?
9. Wat lees jy in die illustrasie waarmee hoofstuk 3 begin?
10. Gee ’n kort beskrywing van Byron se huis.
11. Hoe voel Byron oor die huis? Haal ’n sin aan wat jou antwoord staaf.
12. Watter probleem het Byron se ma?

**Aktiwiteit 3: Dink en skryf (berig)**
Skryf ’n berig vir die skoolkoerant oor privaatheid.
Bespreek die volgende onderwerpe:

- Hoekom is privaatheid belangrik?
- Skend jy jou eie privaatheid met sosiale media?
- Deel jy te veel inligting op sosiale media?
- Is bogenoemde nie gevaarlik nie?

<u>**Hoofstuk 4-6**</u>
**Aktiwiteit 1: Dink en praat**
<u>Gebroke gesinne</u>
Byron kom uit ’n gebroke gesin.

- Bespreek hoe dit hom dalk sal beïnvloed.
- Hoe beïnvloed gebroke gesinne mense in jou gemeenskap of familie?
- Moet ouers saambly ter wille van hulle kinders, selfs al is hulle nie meer vir mekaar lief nie?

Vriendskap
Byron en Tasha is baie goeie vriende.

- Wat beteken vriendskap vir jou?
- Hoe maak ’n mens nuwe vriende?
- Isoleer sosiale media mense van mekaar, of maak jy juis so nuwe vriende?
- Hoeveel waarde heg jy aan sosiale vriendskappe?
- Vertel van die laaste vriend wat jy gemaak het?
- Hoekom breek vriendskappe op?

**Woordeskat**
Aanhanger – fan
Afkortings – abbreviations
Asemrowende – amazing
Begeesterd – full of energy and hope
Feesprogram – festival program
Geheimsinnig – secretive
Gemeenskapsentrum – community hall
Hoogtepunt – highlight
Kulkunsies – magic tricks
Kunstefees – art festival
Moeilikheid – trouble
Muurprop – wall socket
Plakkate – posters
Repeteer – rehearse
Snytjie – slice
Speelse – playful
Stram – stiff
Verskyning – appearance
Vullis – rubbish or trash
Wegblaas – blow away
Wyk – yields, lessens

**Opsomming**
Die volgende oggend slaap Byron se ma nog. Sy het ’n babbelas, daarom los hy haar in vrede. Sy sal dalk weer later die dag nugter wees. Ons vind uit dat Brandon se pa al voor sy geboorte weg is. Sy ouer suster Kaylene bly in die Kaap. By die taxi-halte wag ’n verrassing op Byron: Tannie Mavis stel hom voor aan Claude wat ’n vertoning by die Vrystaat Kunstefees reël. Hy nooi Byron na die eerste oefening. Tasha is bly Byron gaan ’n kans kry om op te tree. Byron reël dat Tasha ook kom omdat sy so mooi sing. Die oefening vind by die gemeenskapsentrum in Heidedal plaas. Daar is ook ander talentvolle kinders van die skool. Claude vertel hulle meer van die kunstefees. Hulle kies die naam “Dromers” vir hulle opvoering.

**Aktiwiteit 2: Lees, dink en skryf**

1. Hoe voel Byron oor sy ma?
2. Beskryf Claude Titus.
3. Waarom voel dit vir Byron of hy met die Claude se woorde getoor word? (bladsy 15)
4. Gebruik ’n ander woord vir “show” op bladsy 16.
5. Wat beteken dit om “sterre in die oë te hê”?
6. Waarom dink jy moet Byron-hulle ’n besem en ’n lap saambring?
7. Sal jy Claude se praatjies vertrou? Motiveer jou antwoord.
8. Sou jy sê Dromers is ’n goeie naam vir die opvoering? Motiveer jou antwoord.
9. Gee twee redes hoekom Byron trots is op homself.
10. Dink jy die Dromers se opvoering sal vermaaklik wees? Motiveer jou antwoord.

**Aktiwiteit 3: Lees en skryf (informele brief)**
Soms het ’n mens net ’n bietjie hulp van iemand nodig om sukses te bereik.

- Skryf ’n informele brief aan iemand wat jou al gehelp het.
- Bedank die persoon vir sy/haar hulp.

**Ekstra!**
Afrikaanse mense gebruik so maklik die woord “‘amazing”. Maar het jy geweet daar is tonne ander woorde wat jy kan gebruik?

**Ongelooflik, asemrowend, fantasties, uitsonderlik, meesterlik, skouspelagtig, manjifiek, merkwaardig, besonders, puik, voortreflik, uitmuntend, uitnemend, hoogstaande, skitterend, briljant, prysenswaardig, wonderlik, onverbeterlik.**

Kan jy nog woorde byvoeg?

<u>**Hoofstuk 7-9**</u>
**Aktiwiteit 1: Dink en praat**
<u>Entrepreneurskap</u>

- Hoe kan ’n mens ekstra geld verdien?
- Sal jy eendag vir jouself of vir ’n baas wil werk? Hoekom sê jy so?
- Beoordeel Byron se manier van ekstra geld verdien. Sal jy dit anders doen?

<u>Diere</u>

- Hoe voel jy oor diere wat in vertonings gebruik word?
- Is dit eties om diere te gebruik om mense te vermaak?
- Kan jou troeteldier toertjies doen? Verduidelik.

Kritiek

- Wat is die verskil tussen positiewe en negatiewe kritiek?
- Kan albei soorte kritiek ’n mens help?
- Hoe hanteer jy kritiek?

**Opsomming**

Byron is gereed vir die oefening. Tasha het vir hom musiek op ’n CD gesit. Die eerste kinders tree op en Claude lewer opbouende kritiek. Tasha se stem is vol emosie toe sy sing. Ook Byron se dans is uitstekend. Hy voel geïnspireerd. Claude het R200 van elke deelnemer nodig om ekstra kostes vir die vertoning te dek. Dit is hopeloos te veel vir Byron. Hy is bang sy droom gaan in duie stort. Hy het net R98,20. Dit is geld wat hy vir sy ma moet wegsteek. Uiteindelik volg hy Tasha se raad. Hy doen ekstra werkies. Teen Vrydagmiddag het hy R202 in sy banksakkie.

**Woordeskat**

Banksakkie – plastic money bag
Borg – sponsor
Danspassies – dance moves
Emosie – emotion
Kostuums – costumes
Maskeerband – masking tape
Persoonlikheid – personality
Skaam – shy
Snoepie-tannie – lady who works at the school canteen
Spaargeld – savings
Spoggerig – extremely good
Tweeplaat-stofie – double plated stove
Wegsteekplek – hiding place

**Aktiwiteit 2: Lees, dink en skryf**

1. Hoe het Tasha vir Byron die naweek gehelp?
2. Wat beteken dit om iemand se hart aan te gryp? (bladsy 25)
3. Beskryf hoe Byron voel oor die R200.
4. Beskryf die buurt waar Byron bly soos hy dit op die Maandagmiddag sien.
5. Hoekom voel Byron onrustig toe hy voor sy huis staan?
6. Hoekom steek Byron die geld weg?
7. Dink jy dit is reg om geld vir jou ouers weg te steek?
8. Waar werk Tasha se ma?
9. Wat doen Byron alles om die R200 in te samel?
10. Hoe dink jy voel Byron nadat hy die geld ingesamel het?

**Aktiwiteit 3: Dink en skryf (e-pos)**
Doen namens die Dromers aansoek vir ’n borgskap.

- Skryf ’n e-pos aan ’n groot maatskappy.
- Vra hulle vir ’n borgskap.
- Noem hoeveel geld benodig word, hoe die geld aangewend kan word, hoe dit sal help met die opvoering, wat dit vir die gemeenskap sal beteken.
- Nooi ook die voornemende borg na die opvoering.

**<u>Hoofstuk 10-12</u>**
**Aktiwiteit 1: Dink en praat**
<u>Kuierplekke</u>

- Dink jy dit is reg vir tieners om by kuierplekke soos sjebeens, kroeë of nagklubs uit te hang?
- Die regering beplan om die minimum ouderdom vir drankgebruik te verhoog van 18 na 21. Hoe voel jy daaroor?
- Hoe kan een slegte aand by ’n kuierplek jou lewe verwoes?

<u>Doelwitte</u>
Die doelpale skuif in hoofstuk 12 vir Byron.

- Sou jy moed opgee as jy in sy skoene was? Motiveer jou antwoord.
- Wanneer moet ’n mens jou droom opgee?
- Is daar drome wat dalk net te groot is?

**Opsomming**
Voor sy oefening kom Byron agter dat sy ma weg is. Hy kan egter nie vir haar wag nie. By die oefening gee hy trots sy geld vir Claude. Claude praat hulle weer moed in. Met sy tuiskoms is Byron se ma steeds nie tuis nie. Hy kry haar later by die sjebeen. Sy is dronk en hang aan die mans. Claude is ook daar. Hy koop drank vir die mense om hom. Byron se ma kom laat terug huis toe. Die volgende dag belowe sy dat sy ’n werk sal gaan soek. Maar dit gebeur nie. Sy is later die week weer dronk. Byron konfronteer haar hieroor. Dis asof sy nou die kind in die huis is, want hy moet vir haar sorg. Toe hy haar in die bed sit, kry hy ’n koevert met geld. Hy besluit om dit te vat. Claude kondig aan dat die kostuums klaar is, maar hy hou dit nog eers as ’n verrassing. Die kunstefees se organiseerders is glo ook opgewonde oor die Dromers se vertoning. Die slegte nuus is dat die borg onttrek het. Claude het nou R1 000 van elke deelnemer nodig.

**Woordeskat**
Blinkertjies – spangles, sequence, shiny ornaments
Blydskap – happiness
Bydra – contribute
Gerusstellend – reassuringly
Geswot – studied
Kleedrepetisie – dress rehearsal
Knipoog – wink
Kommer – worry
Kondig aan, of aankondig – announce
Omgekantel – turned over
Onkoste – expenses
Oopmond – open mouthed
Opwarming – warmup
Partytjietyd – party time
Pryk - appear
Toelaag – allowance
Verongeluk – ruin, crash
Volhard – persevere
Vreemde – strange
Wasbak – washing basin
Woede – anger

**Aktiwiteit 2: Lees, dink en skryf**

1. Wat sal Byron moontlik van sy ma laat vergeet?
2. Dink jy dit sal werk? Motiveer jou antwoord.
3. Wat beteken dit as iemand haarself "goedkoop maak"? (Bladsy 34)
4. Buiten vir sy ma, sien Byron 'n ander vreemde ding by die kuierplek. Verduidelik.
5. Byron se ma praat met "'n lui tong". Wat beteken dit?
6. Waar kry Byron se ma moontlik die geld?
7. Die Dromers se naam pryk in die feesprogram. Gee 'n ander woord vir "pryk".
8. Sou jy vir Claude vertrou met jou geld? Motiveer jou antwoord.

Blokkiesraaisel


Voltooi die volgende blokkiesraaisel:

Dwars

1. Byron kry 'n ____ met geld.
2. Byron se passie.
3. Hoe Byron oor sy ma voel.
4. Byron sit die geld in sy ____.

Af

1. Eric se toertjie.
2. Die toneelgroep se naam.
5. 'n Afrikaanse woord vir "gangster".
6. Die hond se naam.
7. 'n Ander woord vir "kuierplek met drank".
8. Byron se ma kan skaars op haar ____ staan.
9. Hoofstuk 10 se titel.
10. Die man wat dalk drome kan waarmaak.




**Aktiwiteit 3: Dink en skryf (sinne)**

Hoe sou jy die storie na hoofstuk 12 verder laat verloop?
Skryf drie paragrawe en vertel wat jy dink volgende moet gebeur.
Jy kan hierdie aspekte aanspreek:

- Word Byron se droom waar?
- Kom hy in die moeilikheid oor die koevert met geld?
- Kom Claude sy beloftes na?
- Vind die konsert werklik plaas?

**<u>Hoofstuk 13-15</u>**

**Aktiwiteit 1: Dink en praat**

<u>Alkoholisme</u>

Debatteer die volgende stellings in die klas:

- Alkohol kan gesinne verwoes.
- Ouers moet verantwoordelike alkoholgebruik vir hulle kinders leer.
- Alkohol moet so streng soos sigarette gereguleer word.
- Grootmense is te ernstig oor drankmisbruik. Hulle moet net ’n bietjie kalmeer.

<u>Diefstal</u>

Byron neem sy ma se geld sonder haar wete.

- Sou jy sê dis oukei omdat hy later gaan teruggee? Motiveer jou antwoord.
- Dink jy dit is verkeerd? Motiveer jou antwoord.
- Het jy al daaraan gedink om iets te steel? Wat het gekeer dat jy dit doen?
- Watter raad sal jy aan iemand gee wat iets in ’n winkel wil steel?
- Is daar iets soos ’n klein diefstal en ’n groot diefstal?
- Hoe voel jy oor politici wat geld steel?

**Opsomming**

Byron bely dat hy nie die geld vir die vertoning sal kan bybring nie. Sy ma sal ook nie noodwendig trots wees op hom as hy in die opvoering optree nie. Wanneer hy die geld in die koevert tel besef hy daar is R1 200. Hy besluit om die geld te gebruik en later terug te gee. Claude moedig al die spelers aan. Hy staak die oefening in die helfte sodat hy die kinders se geld kan gaan bank. Byron se ma is woedend omdat haar geld weg is. Byron maak asof hy niks daarvan weet nie. Uiteindelik stamp sy ma hom by die deur uit. Byron besef hy moes nooit die geld gevat het nie. Hy kontak sy suster om te kom help.

**Woordeskat**

Bravo – wonderful
Drankduiwel – alcohol demon
Flenters – in pieces
Koponderstebo – with your head lowered
Maalkolk – whirlpool
Moedeloos – dejected, cheerless
Nikswerd – loser, deadbeat
Rugleuning – chair back
Spaargeld – savings

**Aktiwiteit 2: Lees, dink en skryf**

1. Verduidelik die verskil tussen "verras" en "veras" (bladsy 42)
2. Skryf die volgende sin oor in korrekte Afrikaans: "Ag, moenie daaroor worry nie."
3. Alle kinders wil hê hulle ouers moet trots wees op hulle. Hoe verskil Byron en Tasha se ma's wat trots betref?
4. Watter morele vraag pla Byron?
5. Watter probleem voorsien Claude met die bank van die geld?
6. Verduidelik hoekom Byron se ma die hele huis omkeer?
7. Sal jy sê die "binnestem" is Byron se gewete? Motiveer jou antwoord.
8. "Net swak mense vra hulp." Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord.

**Aktiwiteit 3: Dink en skryf (dialoog)**

- Skryf 'n kort toneelstuk. Beeld die konflik tussen Byron en sy ma uit.
- Twee vriende praat met mekaar oor 'n persoonlike probleem het. Skryf die dialoog tussen twee vriende. Jy kan die volgende vrae in die dialoog beantwoord:
    - Waar kan jy om hulp aanklop?
    - Hoe doen jy dit?
    - Sal dit jou geld kos om hulp te kry?
    - Kan jy op sosiale media om hulp vra?
    - Moet jy skimp dat jy hulp nodig het, of moet jy reguit vra?
    - Is daar persoonlike probleme wat te groot is om te hanteer?
    - Is selfdood 'n antwoord?

**<u>Hoofstuk 16-18</u>**
**Aktiwiteit 1: Dink en praat**
<u>Ontnugtering</u>
Het iets al ooit met jou gebeur wat jou ontnugter het?

- Vertel vir die klas daarvan.
- Wat het gebeur?
- Het dit 'n persoonlike tol geëis?
- Wat was die uiteinde van die gebeurtenis?

<u>Slagoffer</u>
Was jy al die slagoffer van 'n misdaad?

- Vertel die klas daarvan.
- Wat het gebeur?
- Watter tyd van die dag het dit gebeur?
- Is jy vandag meer op jou hoede (versigtiger) vir misdaad?
- Moet ons slagoffers blameer vir nalatigheid?
- Moet ons misdaad maar net bloot aanvaar as deel van die lewe?

**Opsomming**

Byron sluip later die aand die huis binne. Sy suster laat weet dat sy by die werk gaan afvra om te kom help. Byron gaan honger skool toe. Sy klere is ook gekreukel. By die oefening is daar slegte nuus: Claude het nie opgedaag nie. Die groep is bang dat hy dalk iets oorgekom het. Hulle probeer hom vergeefs kontak. Hy is ook nie by sy huis nie. Sy buurvrou sê hy is die vorige aan met ’n bus Kaap toe. Hy het glo baie mense verneuk. Byron is nou eers bekommerd. Hy het geld gesteel en sal dit nou nie kan teruggee nie. Hy erken teenoor Tasha dat sy ma ’n drankprobleem het. Tasha maak ’n plan met Claude. Tasha se ma skryf ’n berig oor die swendelary vir die koerant.

**Woordeskat**

Afgerig – trained, coached
Bevark – cheated
Beweerde – assumed
Geheim – secret
Gekreukel – wrinkled
Gewetenloos – without a conscience
Hangskouers – with hanging shoulders, dejected
Kamtig – make believe, feigned, pretended
Nattigheid – in this sentence it means “tears”, dampness, moisture
Onrustig – restless
Ontnugtering – disillusionment
Senuweeagtig – nervous
Vasberade – determined
Verpletter – crush
Voorskoot – apron
Vort – gone away

**Aktiwiteit 2: Lees, dink en skryf**

1. Hoekom loer Byron deur sy ma se venster?
2. Byron se suster kom moontlik help. Hoekom is sy drome steeds onrustig?
3. Die hoofstuk se titel is “Ontnugtering”. Verduidelik hoekom dit gepas is.
4. Vertaal die volgende sin na Afrikaans: “The number you have dialled does not exist.” (bladsy 51)
5. Byron bely dat sy ma ’n drankprobleem het. Hoe dink jy voel dit vir hom om so iets te erken?
6. Wat is die verskil tussen “erken” en “herken”?
7. Dink jy Tasha het ’n goeie plan? Motiveer jou antwoord.
8. Hoofstuk 18 se styl verskil van die res van die boek. Is dit funksioneel? Motiveer jou antwoord.
9. Wat noem jy iemand wat berigte vir ’n koerant skryf?
10. Maak twee sinne om die verskil tussen “vort” en “fort” aan te dui.

**Aktiwiteit 3: Dink en skryf (Dagboekinskrywing)**
Skryf in jou dagboek oor die dag toe jy die slagoffer van ’n misdaad was.

- Hoe het jy gevoel?
- Sou jy moontlik die misdaad kon verhoed?
- Hoe het dit jou geraak?
- Voel jy jy is nou net deel van die misdaadstatistiek?

**<u>Hoofstuk 19 -21</u>**
**Aktiwiteit 1: Dink en praat**
<u>Drome</u>

- Hoe belangrik is drome?
- Wat is jou droom?
- Moet ’n mens eers die kwessie van geld oorweeg voordat jy jou droom najaag?
- Wat moet ’n mens doen as dit lyk of jou droom nie ’n realiteit gaan word nie?
- Kan ’n mens ooit te groot droom?

<u>Rehabilitasie</u>

- Was jy of ’n familielid al in ’n rehabilitasiesentrum?
- Hoe is dit daar?
- Wat doen ’n mens daar?
- Is dit net vir volwassenes?
- Moet ’n mens skaam wees as jy in ’n rehabilitasiesentrum was?

**Opsomming**
Byron kry goeie nuus: Die Dromers sal nie in ’n teater by die kunstefees kan optree nie, maar wel op die oop verhoog. Die koerant sal ook vir hulle goeie publisiteit gee. Dis nie hulle volle droom nie, maar beter as niks nie. Sy ma is weer nie by die huis nie. Kaylene het haar na ’n rehabilitasiesentrum toe geneem. Byron is so verlig dat hy huil. Die polisie vang vir Claude in die Kaap. Hy het sy skelmstreek met nog ’n groep kinders probeer. Ongelukkig is al Byron-hulle se geld weg. Die Dromers besluit om verder te oefen en hul drome self waar te maak. Uiteindelik breek die groot dag aan. Die Dromers tree op voor ’n groot skare mense. Byron se senuwees pla, maar hy maak ’n reusesukses van sy optrede. Die dromers se droom word waar.

**Woordeskat**
Dolgelukkig – incredibly happy
Drankmonster – alcohol monster
Fênsie – fancy
Karnaval – carnival
Klankman – sound engineer
Kunsmarkstalletjies – art market stalls
Laf – silly
Oorverdowende – deafening
Opvoustoele – folding chairs
Opwinding – excitement
Penarie – trouble
Plesier – pleasure
Rehabilitasiesentrum – rehabilitation centrum
Speels – playful
Syverhoog – stage wing
Woer-woer – spin

**Aktiwiteit 2: Lees, dink en skryf**

1. Byron kry twee brokkies goeie nuus. Verduidelik.
2. Is ’n halwe droom beter as ’n volle droom? Motiveer jou antwoord.
3. Wat het van Claude geword?
4. Sou jy sê die Dromers is nou meer gemotiveerd as ooit? Gee ’n rede vir jou antwoord.
5. Haal ’n sin aan wat aandui hoe Byron oor die groot dag voel.
6. Hoekom trek Byron se keel toe wanneer hulle by die universiteit aankom?
7. Sou jy sê daar heers ’n vrolike of ’n neerdrukkende atmosfeer by die universiteit? Haal ’n sin aan om jou antwoord te staaf.
8. Hoe dink jy voel dit vir Byron om uiteindelik voor die mense op te tree?
9. Hoekom het die skrywer aan die einde van die boek inligting oor Childline gegee?
10. Het jy van die boek gehou of nie? Motiveer jou antwoord.

**Aktiwiteit 3: Dink en skryf (lirieke of ’n gedig)**
Tasha sing ’n liedjie aan die einde van die boek.

- Skryf die lirieke vir ’n liedjie oor drome.
- Of skryf ’n gedig oor drome.

## Literêre elemente van 'n boek

**Ruimte**

Alle verhale speel in 'n bepaalde ruimte af. Dit sluit in die fisiese omgewing en die plek waar 'n verhaal geplaas word. Die ruimte is ook die geestelik ruimte van die verhaal. Dit sluit die stemming en atmosfeer in.

Die ruimte het 'n invloed op die karakters en hoe hulle optree. Dromers speel hoofsaaklik in die woonbuurt Heidedal in Bloemfontein af. Van die tonele is by die skool, ander is by die huis. Die slottoneel speel by die Universiteit van die Vrystaat af.

Hier is 'n paar foto's wat die skrywer as inspirasie vir Byron se huis gebruik het:





**Vrae oor ruimte**

1. Dink jy Dromers se verhaal sou anders wees as dit in 'n ryk buurt in Johannesburg afgespeel het? Motiveer jou antwoord.
2. Ervaar Byron sy huis as 'n positiewe of negatiewe omgewing? Motiveer jou antwoord.
3. Ervaar Byron die gemeenskapsentrum as 'n positiewe of negatiewe omgewing? Motiveer jou antwoord.
4. Noem 'n paar plekke wat in Byron se omgewing voorkom.

**Tyd**

Die gebeure in 'n boek het ook 'n spesifieke tydsverloop of tydsduur. Dromers se verhaal word chronologies vertel. Dit beteken die een gebeurtenis vind na die ander plaas.

**Verteltyd en vertelde tyd**

- Verteltyd is die tyd wat die vertel van 'n verhaal, of dele van die verhaal, neem. In *Dromers* is dit 69 bladsye.
- Vertelde tyd is die periode wat die storie wat vertel word, dek. In *Dromers* is dit moontlik 'n paar weke, vandat hy by die skool dans totdat hy uiteindelik by die kunstefees dans.

**Vrae oor tyd**

1. Hoeveel verteltyd neem hoofstuk 1 van *Dromers* in beslag?
2. Hoeveel vertelde tyd neem hoofstuk 1 van *Dromers* in beslag?

**Verteller**

ʼn Verteller is nie die skrywer van die boek nie. Die verteller is ʼn tegniek waardeur die skrywer die verhaal aanbied of oordra aan die leser.

- Interne verteller: Die ek-verteller is deel van die verhaal. Hy gee vir die leser sy eie ervarings rondom gebeure in die verhaal. Dit is die verteller se persoonlike siening. Hy is soos ʼn ooggetuie. Hy beskryf ander karakters en gebeure in sy eie woorde. Hy weet nie wat in die toekoms kan gebeur nie. Hy weet net van die hede en die verlede.

- Eksterne verteller: Die derdepersoonsverteller is nie ʼn karakter in die boek nie. Die verteller gee vir ons ʼn blik van buite op ʼn groep karakters en gebeure. Hy weet alles van die karakters, hulle gedagtes en gevoelens. Die verteller kan enige tyd (verlede, hede en toekoms) en plek wees. Hy is orals teenwoordig.

**Vrae oor die verteller**

1. Watter tipe verteller het *Dromers*?
2. Wat is die funksie van die tipe verteller in *Dromers*?

**Karakters**

Ons maak onderskeid tussen die volgende soorte karaters:

| **Hoofkarakter(s)** | **Bykomende karakters** |
|---|---|
| Hoofkarakters speel ʼn belangrike rol in die storie.<br><br>Hulle is betrokke by die meeste of die belangrikste konflikte.<br><br>Ons leer hulle baie goed ken.<br><br>Hulle karakters groei gewoonlik.<br><br>Ons sê ook hulle is driedimensionele of ronde karakters. | Bykomende karakters se rolle kan wissel van belangrik tot onbelangrik.<br><br>Hulle maak soms net ʼn klein deel uit van die verhaal.<br><br>Dit is nie vir ons altyd nodig om hulle ten volle te leer ken nie.<br><br>Hulle karakters groei nie.<br><br>Hulle is gewoonlik tweedimensionele of plat karakters. |

| **Protagonis** | **Antagonis** |
|---|---|
| Die protagonis is die “goeie ou” of held in die verhaal.<br><br>In *Dromers* is dit Byron en Tasha. | Die antagonis is die “slegte ou” in die verhaal; vyand; opponent.<br><br>Hy bied teenstand teen die protagonis.<br><br>In *Dromers* is dit Claude. |

**Vrae oor karakters**

1. Watter tipe karakter is die matriekleerder wat vir Byron in hoofstuk een moeilikheid gee?
2. Hoekom is Byron die verhaal se protagonis?
3. Hoekom is Claude die verhaal se antagonis?

**Karakterisering**

Wanneer ’n skrywer begin werk aan ’n boek, moet hy mense wat glad nie bestaan nie gaan “skep” asof hulle werklik bestaan.

Maar waar kom karakters vandaan? Hoe maak ’n skrywer ’n karakter? Ons noem hierdie proses karakterisering. Om te karakteriseer beteken om ’n mens (karakter) te skep met woorde. Daardie karakter moet so goed geskep word dat die lesers naderhand glo dat hy/sy werklik kan bestaan.

<u>Skrywers doen dit op die volgende maniere:</u>

- Hoe die verteller die karakter beskryf: Pieter is ’n dief.
- Hoe die karakter optree: Pieter druk die sjokolade skelm in sy sak.
- Hoe die karakter praat (dialoog): “Hei, ou pel, ek het dit een keer reggekry om sjokolade te steel, en ek sal dit weer doen!” sê Pieter.
- Denke, gedagtes: Ag, niemand sal sien as ek die sjokolade vat nie, dink Pieter.
- Benaming: “Het jy gesien wat Lang Vingers gedoen het?” vra Susan.
- Selfbeskouing: Ag, ek is mos ’n cool ou.

’n Belangrike aspek van karakterisering is dat (veral) hoofkarakters moet groei in die loop van die verhaal. Dit beteken hulle moet ’n verandering ondergaan en nie meer dieselfde dink of voel oor hulleself, hulle omstandighede of ander mense nie. Die groei is dikwels ’n emosionele groei.

**Vrae oor karakterisering**

1. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur beskrywing plaasvind in *Dromers*.
2. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur handeling plaasvind in *Dromers*.
3. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur dialoog plaasvind in *Dromers*.
4. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur denke of gedagtes plaasvind in *Dromers*.
5. Vind daar karaktergroei by Byron plaas? Hoekom sê jy so?
6. Dink jy die skrywer het Byron se karakter raak voorgestel as ’n dromer? Motiveer jou antwoord.

**Konflik**

Ons kry twee tipes konflik in ’n roman:

Eksterne konflik

- Dit neem gewoonlik die vorm aan van ’n geveg, ’n argument of blote teenstand tussen twee karakters.
- Die konflik kan ook teenoor die natuur of ’n saak (bv. rassisme) wees.
- Die geleidelike oplos van konflikte lei die hoofkarakter tot die suksesvolle afloop van die verhaal.

Interne konflik

- Interne konflik vind binne-in ’n karakter se kop plaas.
- Dit vind gewoonlik plaas wanneer ’n karakter moet besluit oor ’n moontlike optrede, of wanneer hy besin oor iets wat hy alreeds gedoen het.
- Dit kan ook ’n interne worsteling wees met goed wat aan hom, ’n vriend of geliefde gedoen is.

**Vrae oor konflik**

1. Noem een geval van eksterne konflik in *Dromers*.
2. Noem een geval van interne konflik in *Dromers*.
3. Is die konflik in die gevalle wat jy genoem het, realisties? Motiveer jou antwoord.


**Plot (intrige)**

Boeke kan nie net bestaan uit ’n klomp losstaande gebeure nie. Die reeks gebeure of handeling moet ’n bepaalde volgorde hê. Die intrige speel hier ’n belangrike rol.

Die manier hoe al die gebeure in die verhaal op ’n sekere manier opmekaar volg, word die plot of intrige genoem. Om die leser se aandag te hou, gebruik die skrywer dikwels spanning om die verhaal voort te dryf.


Die intrige begin gewoonlik met ’n lae spanningsvlak. Die spanning bou geleidelik op tot by die klimaks, en daarna volg die ontknoping. Daar kan ook klein stygings en dalings voorkom.

Hierdie grafiek dui die intrige aan:




**Vrae oor plot (intrige)**

1. Dui op die grafiek aan waar die volgende gebeure op die storielyn sal voorkom.
   a) Byron tree by die kunstefees op.
   b) Byron dans by die skool.
   c) Claude verdwyn spoorloos.
   d) Byron sien sy ma en Claude by die kuierplek.
   e) Claude nooi Byron om vir ’n oudisie te kom.




2. Het die verhaal genoeg spanning gehad? Hoekom sê jy so?
3. Wat sou jy anders doen om die plot interessanter te maak?

**Temas**

Temas is die sentrale idees wat in boeke voorkom. Daar kan soms meer as een tema in ’n roman of novelle wees.

<u>ONTHOU</u>: Temas is nie dieselfde as ’n roman se boodskap nie.

Van die temas in *Dromers* is ...

- Die uitstyg bo jou omstandighede.
- Die najaag van jou drome.

**Vraag oor temas**

’n Mens moet bo jou omstandighede kan uitstyg, al hoe is dit moeilik. Bespreek kortliks hierdie tema in *Dromers*.

**Boodskappe**

Skrywers, veral skrywers van jeugboeke, hou nie deesdae daarvan om boodskappe of lewenslesse in boek te sit nie. Hulle lesers is mos slim genoeg om self te besluit wat reg en verkeerd is.

Hier is ’n paar onderwerpe (boodskappe) waaroor leerders kan debatteer in die klas:

- Moet ’n mens drome hê?
- Moet jy jou ouers steeds respekteer selfs al het hulle ’n alkohol- of dwelmprobleem?
- Dis belangrik om goeie vriende te hê.

**Taalgebruik**

Die brandpunt in enige tienerboek is altyd die taalgebruik. Moet die skrywer jongmense leer om korrekte Afrikaans te praat (selfs al beteken dit die dialoog klink of die tieners woordeboeke ingesluk het), of moet die tieners praat soos regte tieners?

Die verteller in die verhaal praat korrekte Afrikaans, maar die karakters praat ’n effense vermenging van Engels en Afrikaans, dus slang/sleng.

Hier is ’n paar kenmerke van sleng:

- Dit is baie informeel
- Dis ’n sosiologiese fenomeen
- Dit kan ’n modegier wees
- Dit kan wissel van eenvoudige loslittaal tot vulgêr
- Dit kan skok of help om ’n ontspanne atmosfeer te skep
- Dit kan kreatief wees en lei tot neologismes (nuutskeppings)

**Vrae oor taalgebruik**

1. Haal 'n paar Engelse woorde uit die boek aan en gee hulle Afrikaanse vertaling.
2. Hoe voel jy oor die meng van tale in jeugverhale?

## Lees

### Vluglees

Wanneer jy vluglees . . .

- Wil jy ’n algemene indruk kry van die teks om te sien of dit bruikbaar is vir jou.
- Soek jy nie na spesifieke sleutelwoorde of items nie.
- Is dit die vertrekpunt vir meer intensiewe lees wat mag volg.

### Vluglees-oefeninge

- Vluglees die eerste sinne van elke hoofstuk in *Dromers*.
- Skryf ’n paar sinne neer wat jy kan onthou.
- Watter hoofstukke klink interessant?
- Is al die openingsinne in Afrikaans?
- Vluglees Hoofstuk 1 van *Dromers*
- Skryf ’n paar idees of woorde neer wat jou oog gevang het.
- Watter emosie roep die hoofstuk op?
- Hoeveel karakters is daar in die hoofstuk?
- Uit hoeveel bladsye bestaan die hoofstuk?

### Soeklees

Wanneer jy soeklees ...

- Soek jy vinnig na ’n sleutelwoord of ’n naam.
- Weet jy waarna jy soek.
- Jy sien elke woord op die bladsy, maar jy lees nie noodwendig die bladsy nie.
- Ignoreer jy die woord of item waarna jy nie soek nie.

### Soeklees-oefeninge

- Soek na die woord “krimp” op bl. 32 van *Dromers*.
- Soek na die woord “beroemd” op bl. 61.
- Soek na ’n uitroep van uitgelatenheid op bl. 59.

### Lees hardop

Lees hoofstuk 9 hardop in die klas.

<u>Hier is ’n paar wenke:</u>

- Maak seker dat jy die woorde korrek uitspreek.
- Moenie woorde byvoeg of uitlaat nie.
- Lees met gevoel.
- Lees vloeiend.
- Lees sodat almal in die klas kan hoor.

- Maak seker jy plaas die klem op die regte plek.
- Lees teen die regte tempo.
- Maak af en toe oogkontak met die onderwyser en ander leerders.
- Laat jou gesig ook die storie vertel.

**Onvoorbereide lees**

Kies 'n gedeelte uit *Dromers* wat leerders onvoorbereid kan lees. Let steeds op bogenoemde leeswenke.

**Wenk**

In elke klas is daar mos altyd 'n paar ekstroverte en kreatiewe leerders. Sommiges wil dalk eendag akteurs word.

Gebruik hulle gerus om die leerders wat 'n bietjie sukkel te help met hulle aanbieding!

## Antwoorde

**Die skrywer**

1. Die *Nova*-reeks, *Spring*, *Betower*, *Afkop*, *Uit* en *Pleisters vir die Dooies*.
2. Seunsblad
3. Bloemfonteinse Skrywersvereniging
4. Fanie hou daarvan om vir jong mense te skryf omdat die grense van hulle verbeeldings eindeloos is.
5. Skilder en doen illustrasies vir boeke.
6. kuberruim
7. www.fanieviljoen.co.za

**Titel**

1. Die groep wat gaan optree se naam is Dromers. Daar is ook meer as een dromer in die boek. Elke lid van die toneelgeselskap is ’n dromer, nie net Byron nie.
2. Eie sinvolle mening.

**Omslag**

1. Elke omslag het ’n foto of illustrasie, asook die boek se titel en die skrywer se naam.
2. Die omslag moet die leser nuuskierig maak oor die boek. Dit moet jou lus maak om die boek te lees.
3. Vrolik. Die danser spring uitbundig in die lug. Sy vingers is oopgesprei en sy lyftaal is vol energie. Die helderkleurige strepe en patrone maak die voorblad ook vrolik.
4. Eie sinvolle mening.

**Flapteks**

1. Die flapteks gee inligting oor die boek. Dit moet ook die leser oorreed om die boek te lees.
2. Die ritme laat Byron vergeet van sy probleme by die huis.
3. Nee. “Maar sy weet nie van die dinge wat by sy huis gebeur nie.”
4. Dis ’n fees van kuns en kultuur. Daar is toneelopvoerings, dansuitvoerings, kunsuitstallings, boekbekendstellings en meestal ook kunsmarkstalletjies met eetgoed en handewerk.
5. Ja. “Dis die kans om groot drome te droom, groter as die arm gemeenskap waar hy bly.”
6. Slegte dinge, soos huislike probleme, kan in jou lewe gebeur wat jou verhoed om jou drome na te jaag.
7. “Vonk”
8. Eie sinvolle mening.
9. Die leerder se flapteks moet ’n paar sinne oor die storie bevat. Die hoofkarakters se name moet genoem word. Die teks moet die leser nuuskierig maak.

**Tekskenmerke**

1. Bladsye 5, 7 en 68.
2. Die woorde is kursief (skuins) gedruk.
3. Bladsy 17.
4. Die boodskappe lyk soos 'n Whatsapp-boodskap met spraakborrels.
5. Visitekaartjie
6. Bladsye 20 en 27.
7. Dis 'n gedagteborrel. In strokiesprente verskyn karakters se gedagtes in so 'n borrel.
8. Dis spraakborrels. In strokiesprente verskyn karakters se dialoog in spraakborrels.
9. Bladsy 26.
10. Die foto's en illustrasies help om die storie te vertel. Dit maak die teks lewendig en interessant.
11. Die teks op bladsy 56 en 58 is 'n koerantberig.
12. Alle hoofstukke is genommer.

**Vrae, opsommings en aktiwiteite**

**<u>Hoofstuk 1-3</u>**
**Aktiwiteit 2: Lees, dink en skryf**

1. Die hoofstuk speel by die skool af.
2. Vrolik. Dit handel oor ritme, musiek en die polsing van 'n dans.
3. Vergelyking
4. Byron hou van Tasha, maar hulle is net vriende.
5. Byron moet nie dat iemand sy energie, passie en geluk steel nie.
6. Beide Byron en tannie Mavis hou van dans.
7. Hy is vinnig in die droomwêreld in sy kop waar hy kan dans en vry wees.
8. Dit skep afwagting. Leser wil weet wat by die huis aangaan.
9. Byron kom uit 'n gebroke huis.
10. Die huis is klein, verf dop af, dit het 'n sinkdak en al die vensters en die deur is toe.
11. Die huis maak hom benoud. Hy hou nie van die huis nie. "'n Vuis klem om Byron se hart."
12. Sy ma is 'n alkoholis.

**<u>Hoofstuk 4-6</u>**
**Aktiwiteit 2: Lees, dink en skryf**

1. Byron is bekommerd oor sy ma.
2. Claude is netjies aangetrek. 'n Het 'n breë glimlag en 'n vriendelike gesig. Sy oë is warm.
3. Byron besef sy droom kan waar word.
4. Vertoning.
5. Jy sien uit na 'n blink toekoms. Jy verwag dat iets wonderlik met jou gaan gebeur.
6. Hulle gaan iets skoonmaak.
7. Eie sinvolle mening.
8. Eie sinvolle mening.
9. Byron gaan deel wees van die vertoning en hy het die toneelgroep se naam gekies.

10. Eie sinvolle mening.

**<u>Hoofstuk 7-9</u>**

**Aktiwiteit 2: Lees, dink en skryf**

1. Sy het vir Byron musiek op 'n CD gesit.
2. Jy raak iemand emosioneel aan. Jy roer sy hartsnare.
3. Dit maak Byron benoud om te dink hy moet iewers R200 kry.
4. Die buurt is bedrywig. Daar is taxi's wat rondry. Mense loop op straat en gesels. Kinders speel sokker. Vrolike musiek speel.
5. Hy weet nie wat binne-in die huis op hom wag nie. Sy ma is dalk weer dronk.
6. As sy ma van die geld uitvind, sal sy dalk drank gaan koop.
7. Eie sinvolle mening.
8. Tasha se ma is 'n verslaggewer by die koerant, *Volksblad*.
9. Byron dans vir geld, hy was motors, help in die skool se snoepie en by die spaza-winkel.
10. Byron is baie trots op homself.

**<u>Hoofstuk 10-12</u>**

**Aktiwiteit 2: Lees, dink en skryf**

1. Die dansmusiek wat deur hom vloei.
2. Eie sinvolle mening.
3. Sy laat dit lyk asof sy maklik saam met iemand bed toe sal gaan.
4. Byron sien ook vir Claude by die kuierplek. Hy koop vir almal drankies.
5. Haar tong sleep wanneer sy praat. Dis asof sy dronk is.
6. Dit is moontlik 'n werkloosheidstoelaag, of Kaylene het die geld gestuur.
7. Verskyn
8. Eie sinvolle mening.

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | [5]B | | | | | | | | | | | | | | |
| [1]K | O | E | V | E | R | T | | | | | | | | | | |
| U | | N | | | | | [7]S | | [2]D | A | N | S | | [9]P | | |
| L | | D | | [6]K | | | J | | R | | | | | R | | [10]C |
| K | | E | | L | | | E | | O | | | | | O | | L |
| U | | L | | O | | | B | | M | | [8]V | | | B | | A |
| N | | I | | N | | | E | | E | | O | | | L | | U |
| S | | D | | [3]T | E | L | E | U | R | G | E | S | T | E | L | D |
| I | | | | E | | | N | | S | | T | | | M | | E |
| E | | | | | | | | | | | E | | | E | | |
| [4]S | A | K | | | | | | | | | | | | | | |

**Hoofstuk 13-15**

**Aktiwiteit 2: Lees, dink en skryf**

1. ’n Lyk word veras. As jy vir iemand ’n partytjie reël waarvan sy nie weet nie, verras jy haar.
2. Ag, moenie bekommerd wees nie.
3. Tasha se ma is trots op haar, maar Byron se ma is so behep met drank dat sy nie vir hom omgee nie. Sy sal nie trots wees op hom nie.
4. Sal dit steel wees as hy die geld neem? Hy kan dit mos later teruggee.
5. Claude is bang bendelede of tsotsi’s lê hom voor met die groot bedrag geld.
6. Sy soek haar geld. Die drankduiwel jaag haar aan.
7. Ja, Byron besef hy moes nooit die geld geneem het nie. Hy besef ook dat sy ma hulp nodig het. Hy sal haar nie alleen kan help nie.
8. Eie sinvolle mening.

**Hoofstuk 16-18**

**Aktiwiteit 2: Lees, dink en skryf**

1. Sy ma het hom uit die huis uitgegooi. Hy wil kyk of dit veilig is om in te kom.
2. Hy droom van sy drankbottels, sy ma wat op hom skree en vreemde mans wat in hulle huis dwaal.
3. Claude is nie wie hulle gedink het hy is nie. Hy het hulle verneuk. Hy is Kaap toe met hulle geld.
4. Die nommer wat u geskakel het, bestaan nie.
5. Eie sinvolle mening.
6. Jy erken jy het iets gedoen of gesê. Jy herken ’n ou vriend of iemand wie jy lanklaas gesien het.
7. Eie sinvolle mening.
8. Ja, dit onderskei die hoofstuk van die res van die boek omdat dit ’n koerantberig is. Die skryfstyl verskil van die res van die boek. Dis meer formeel.
9. Verslaggewer.
10. Claude is vort met die geld, ons sal dit nooit weer sien nie. Die fort het hoë klipmure.

**Hoofstuk 19-21**

**Aktiwiteit 2: Lees, dink en skryf**

1. Die Dromers kan by fees se oop verhoog optree, en sy ma is na rehabilitasiesentrum**.**
2. Eie sinvolle mening.
3. Hy is in die Kaap vasgetrek toe hy ’n soortgelyke skelmstreek op ’n nuwe groep tieners probeer het.
4. Ja, hulle stemme dawer wanneer hulle roep dat hulle verder gaan oefen om ’n sukses van die opvoering te maak.
5. “Byron se lyf bewe van opwinding.” (Bladsy 63)
6. Hy was nog nooit by die universiteit nie.
7. Vrolike atmosfeer. “Die plek is ’n karnaval van kleur en klank.”
8. Hy is ekstaties daaroor, want sy droom word waar.

9. Dit kan dalk lesers help wat met soortgelyke of ander persoonlike probleme worstel.
10. Eie sinvolle mening.

**Elemente van ’n boek**

**Vrae oor ruimte**

1. Ja, die sosiale probleme wat Byron ervaar sou dalk anders wees in ’n rykmansbuurt in Johannesburg.
2. Negatief. Dit veroorsaak ’n beklemming in sy hart.
3. Positief. Hy kan vry wees en sy droom help uitleef in die gemeenskapsentrum.
4. Sjebeen, spaza-winkel, gemeenskapsentrum, taxistaanplek, die skool.

**Vrae oor tyd**

1. 3 bladsye
2. Omtrent ’n halfuur, of ’n pouse lank.

**Vrae oor die verteller**

1. Eksterne verteller of derdepersoonsverteller
2. Die verteller gee ons ’n blik op elke karakter in die verhaal. Hy is orals teenwoordig.

**Vrae oor karakters**

1. Bykomende karakter
2. Hy is die held van die verhaal.
3. Hy is die vyand of opponent in die verhaal.

**Vrae oor karakterisering**


1. Dis Tasha – ’n meisie in sy klas. Swart hare. Oë soos sjokolade. (bladsy 6)
2. Dan maak hy ’n paar snaakse danspassies – om te wys hy sal haar raad onthou. (bladsy 8)
3. “Sien wat het ek jou gesê? Ons gaan famous word.” (bladsy 19)
4. ’n Donker gevoel broei in hom. Daar is dinge wat die ander kinders nie weet nie. (bladsy 11)
5. Ja, hy verander van iemand wat eers net by die skool en taxi-staanplek dans, na iemand wat sy droom bewaarheid en voor ’n klomp mense optree. Hy maak ook vrede met sy huislike omstandighede wanneer hy hulp vir sy ma kry.
6. Eie sinvolle mening.

**Vrae oor konflik**

1. Byron en sy ma baklei, dan gooi sy hom uit die huis uit.
2. Byron oorweeg dit om sy ma se geld te vat. Sy gewete pla hom.
3. Eie sinvolle mening.

**Vrae oor plot (intrige)**

1. Dui op die grafiek aan waar die volgende gebeure op die storielyn sal voorkom.
   f) Byron tree by die kunstefees op.
   g) Byron dans by die skool.
   h) Claude verdwyn spoorloos.
   i) Byron sien sy ma en Claude by die kuierplek.
   j) Claude nooi Byron om vir ’n oudisie te kom.




2. Eie sinvolle mening.
3. Eie sinvolle mening.

**Vraag oor temas**

1. Eie sinvolle mening.

**Vrae oor taalgebruik**

1. Show (bladsy 16) – vertoning; performer (bl 25) – optree;
2. Eie sinvolle mening.

***